## DIE BETEKENIS VAN TOTIUS VIR ONS TYD*

Dit is nie my voorneme om hier 'n soort huldigende lofrede oor die mens Totius te hou nie. Die Totius-beeld het dit nie nodig nie en hyself het, waar dit sy persoon raak, nie van die woord huldiging gehou nie. By geleentheid het ek hom hoor sê: „Dis vir my 'n kwaai woord, die woord 'huldiging' ".

Wat wél op ons weg lê, lyk dit my, is om ons by hierdie geleentheid (hier en daarbuite in die loop van die jaar) te besin, desnoods krities te besin, op die betekenis wat Totius se geestelike nalatenskap vandag nog vir ons het. 'n Geestelike nalatenskap is immers nie 'n sigbare en tasbare erfstuk wat soos 'n mooi riempiesmatbank van geslag tot geslag oorgelewer kan word nie; dis iets wat deur elke geslag opnuut ontdek en ontgin moet word, as't ware opnuut verower moet word. Gebeur dit nie, sal dit beteken dat iemand soos Totius niks meer vir ons te sê het nie; dat hy vir ons dood is. En dan sal van sy werk geld wat reeds in 'n ander verband gesê is: die literatuur van die verlede is vir die mense van die verlede.

Hierdie universiteit het getoon dat hy hom bewus is van sy verpligting wat betref die Totius-nalatenskap. Jare gelede was daar al sprake van die stigting van 'n Totius-argief, 'n argief wat ten minste al die drukke van elkeen van die Totius-werke sal bevat, veral natuurlik dié drukke wat hy self versorg het. Hierdie voorneme het intussen werklikheid geword. Met dankbaarheid het ons ook kennis geneem daarvan dat die PU een van sy professore vir 'n jaar of langer afgesonder het om 'n nuwe, volledige en wetenskaplik-verantwoorde 11-delige stel van Totius se versamelde werk voor te berei. Maar hierdie ryk stof moet deur studie ontsluit word, in 'n lewende debat betrek word. Ons moenie toelaat dat Totius se werk museumstukke word nie.

* Voordrag gehou in die Totius-saal, PU vir CHO, met die aanvang van die akademiese jaar, 11 Februarie 1977.

Om die geestelike nalatenskap van 'n figuur soos Totius in sy volle omvang te meet, is natuurlik nie maklik nie. Watter faset daarvan sal 'n mens teen die lig hou? Die een sal die klem lê op sy werk as kerkman en akademikus, terwyl 'n tweede hom sal wil roem as vertroude volksvriend wat in krisistye vir sy mense 'n bron van besieling was. 'n Derde sal uitvoerig kan ingaan op sy groot werk as Bybelvertaler en Psalmberymer. En wat 'n nalatenskap is dít nie! Daar is vandag stemme wat roep om 'n hersiening van die Psalmboek. Miskien moet 'n mens die voornemende amendeerders en kritici vra om, voor hulle met hersiening begin, slegs één psalm in sy geheel selfstandig te berym, sê maar Psalm 119. Dit sal 'n uitstekende oefenlopie wees. 'n Vierde sal sy groot werk as volksopvoeder benadruk. Ook op hierdie belangrike aspek van Totius se veelsydige aktiwiteit kan ek nie uitvoerig ingaan nie. Maar as mens slegs deel V van die huidige 8-delige *Versamelde Werke* deurblaai, val dit op hoe Totius oor lang jare in artikels die lotgevalle van ons land en van die wêreld gevolg het; hoe hy waarskuwend, rigtinggewend en profeties met sy mense gepraat het. Of dit nou ook al gaan oor biddae, of die kleurlyn, of die Witman in Afrika, of feesdae, of leierskap, of die idee van volksopheffing, of staatslotery — 'n groot verskeidenheid onderwerpe, want Totius het oopoog deur die wêreld gegaan — steeds het hy 'n prinsipiële geluid laat hoor en die gedagtes in suiwer bane gelei. U merk op hoe aktueel baie van die onderwerpe vandag nog is. En waar Totius se siening in verband met allerlei kwelvrae deur tydskrifte en veral deur *Die Kerkblad* in duisende Afrikaanse huise ingedra is, moes dit noodwendig 'n enorme invloed ten goede uitoefen. Oor prinsipiële sake het hy vreesloos van andere verskil as dit moet, hoflik maar sonder toegewings, en met 'n drogredenasie kon hy in 'n enkele paragrafie afreken. Ek volstaan met een voorbeeld uit tientalle wat ek sou kon noem. In hierdie geval gaan dit om die kwessie van *aanpas,* 'n saak wat vandag weer sterk na vore kom. Totius skryf:

„Teëstanders is gereed met die woord: 'n Mens móét jou aanpas by jou omgewing om te kan lewe en voorspoedig te wees. Kyk

maar na die plante en diere!"

Ons sê: Ongetwyfeld. 'n Doringboom pas hom aan. Kyk na sy penwortel – amper drie keer so lank soos die boompie self in sy jeug. Hy weet dat hy hom moet aanpas by droogtetoestande. Kyk na sy dorings, hoe hy ontwikkel het ter selfverdediging. Toegegee, hy het aangepas. Maar... *hy het doringboom gebly!* En hier gaan dit om.

Die heilige Skrif het dit al van oudsher verkondig: hoe ons moet aanpas en hoe ons ons identiteit en selfstandigheid moet handhaaf".

U sien hoe Totius werk: met 'n soort gelykenis, net om hom dan in laaste instansie op die Skrif te beroep.

So is daar baie kante aan Totius se nalatenskap, maar ek wil by hierdie geleentheid die aksent op sy digterskap laat val. Die literatuur is nou eenmaal my vak. Bowendien is dit seker korrek om te beweer dat Totius in skool- en universitêre kringe die wydste as digter bekend is. Gedigte soos „Vergewe en vergeet", „Die oue wilg", „Die Godsbesluit", „Die wêreld is ons woning nie", om maar 'n paar titels te noem, het klassieke besit van die Afrikaner geword.
In die lig van wat reeds gesê is, wil ek hier slegs, al is dit dan heel tentatief, probeer aandui waarom Totius vandag nog as lewende digter te beskou is. In dié verband is daar myns insiens veral vier oorwegings van belang.

1. Die eerste oorweging draai om die vraag: Hoe het Totius tred gehou met die gang van die tyd? *Vernuwing* het vandag 'n modewoord geword in Afrikaans, en by die beoordeling van Totius se bydrae dring die vraag hom aan ons op in hoeverre daar 'n vernuwende invloed van sy werk uitgegaan het.

Op 'n keer, in die vroeë jare vyftig – ek meen dit was by geleent-

heid van 'n openbare huldiging met sy 75ste verjaarsdag – is hy gevra hoe hy voel oor die veranderings en vernuwings wat hy elke dag rondom hom opmerk, ook op literêre gebied. Met tipies Totiaanse nederigheid het hy geantwoord deur die volgende staaltjie te vertel: Generaal De Wet het glo die gewoonte gehad om tydens 'n veldslag die burgers wat agterbly, met die sambok aan te roer.

Op 'n keer het hy glo weer vir so 'n agterblyer die wêreld warm gemaak: A nee a kêrel, jy moet daar vóór wees waar die manne aandryf en storm. Wat bly jy so agter? Waarop die burger antwoord: Sien, Generaal, as die klomp daar vóór omspring en hardloop, dan is ek weer voor! 'n Geestige verhaaltjie wat met 'n glinstering in die oog vertel is, maar wat toegepas op Totius, nie die waarheid vertel nie. Hy was wel nie 'n vaandelswaaier of modejagter nie. Dit het nie in sy aard gelê nie. Ook kry ons by hom nie die opvallende selfvernuwing wat byvoorbeeld in Van Wyk Louw se poësie te vinde is nie. En tog het sy werk, hoe onopsigtelik dan ook, met die verskyning van elke bundel modern aangedoen en kon elke nuwe bundel tot aan sy dood as eietyds aangevoel word.

Voor 1900 skryf hy onder die skuilnaam Jaduto gedigte heeltemal in die gees van die Genootskappers. Na 1900 sou hy, soos die nuwe tyd en die nuwe nood vereis het, met sy oorlogsliriek as lid van die Driemanskap die Afrikaner help om sin in die smart van die oorlog te ontdek. En toe daardie groot nasionale taak afgedaan was, is hy deur persoonlike leed die eensaamheid ingedryf waar hy met *Passieblomme* en *Skemering* tot die skryf van elegiese, sterk persoonlike poësie oorgegaan het. Parallel met die groei van die Afrikaanse digkuns loop Totius se eie ontwikkeling dus vanaf die Patriotrympies, oor die nasionale poësie tot by die meer individualisties geneigde vers.

In die proses het sy taal steeds Afrikaanser geword, en waar hy sy poëtiese instrument met die Psalmberyming noodgedwonge en in strenge roepingsbewustheid aan 'n meedoënlose formele

tug moes onderwerp, het die volkskuns van weleer later by hom iets van 'n professionele karakter gekry.

Groei is daar dus ongetwyfeld by Totius, en 'n mens is verbaas oor die ontsaglike afstand wat hy vanaf *By die monument* (1908) tot en met *Skemering* in 1948 afgelê het. Ek wil nie te tegnies raak nie, maar waar 'n gedig soos „Vergewe en vergeet" nog byna naïef-allegories aandoen, was gedigte soos „Weer in die ark" en „Nag op see" met hulle woordsuinigheid en onopsetlike simboliek volkome tuis onder die werk van die beste digters van die jare veertig. Ek haal „Nag op see" aan. Vir wie 'n oor het vir Genesis-klank in die gedig, die chaos-orde-spanning daarin, sal hierdie reisgedig vanself uitgroei bo die besondere geval van 'n skip wat skynbaar koersloos vaar; sal dit vanself universele betekenis kry; sal dit iets sê van 'n wêreld wat ten spyte van menslike beperktheid en dreigende chaos per slot van rekening 'n vaste koers volg. Opvallend hoe dramaties en bevrydend die donkerte in die slotreël oopgeruk word.

NAG OP SEE
(Digby Aden)

**Dis álles see en álles donkerheid,**
**soos toe die aarde woes en ledig was**
**en nag gesweef het oor die wêreldplas.**

**Geen horison of ster is sigbaar meer;**
**geen teken waar die oog op af kan gaan;**
**ek hoor net teen die skip die golwe slaan.**

**Tog vaar hy immer voort, hy vaar nou blind,**
**die voorpunt teen die donkerte gerig.**
**Op die kompas alleen val bundels lig!**

Maar daar is ook 'n verreikende Totius-vernuwing van 'n ander aard wat ek wil probeer illustreer. As 'n digter „sing", verbaas dit ons nie; dit is natuurlik. Digters word nie verniet so dikwels „sangers" genoem nie. Vandaar dat die ontroerde spráák van 'n digter so 'n groot en treffende verrassing kan wees. As Leipoldt

sing: „Viooltjies in die voorhuis, viooltjies blou en rooi", dan is dit bekoorlik, maar as hy sy Oom Gert tot hierdie ontroerende spraak kan bring:

> Ja neef, wat kan ek, oumens, jou vertel
> Jy wil die storie van ons sterfte hoor,
> Nou goed...,

dan het daar 'n wonder met ons taal gebeur.

Totius het in ons poësie nie op hierdie manier nie, maar anders, sý verrassing gebring, die soort verrassing wat as't ware 'n rilling deur die letterkunde laat gaan. As 'n digter woorde gebruik wat reeds 'n poëtiese of verhewe klank het, is dit begryplik en natuurlik. Maar dis heeltemal iets anders om aanvaarbare poësie te maak van *metaal*, van *klip* en *beton*, van *steenkool* en *as*. En dit is presies wat Totius vermag het. Reeds in 1915 kon hy hierdie merkwaardige beeld van die Johannesburgse agterbuurt gee:

> Die voorpos van die armes woon
> in Blikkies-dorp se kronkelsink
> wat vér soos bottelstukke blink;
> hul lewe van 'n hongerloon
> in huisies aan mekaar gepas
> en jardjies vol van steenkool-as.

Met verse soos dié het Totius 'n belangrike bydrae gelewer in die strewe om die hele taal oop te gooi vir die poësie, om die Afrikaanse vers inklusief en universeel te maak. En daarmee het hy die weg berei vir die stadspoësie wat pas in die jare veertig in die werk van Opperman en Pretorius tot volle bloei sou kom. En 'n digter soos Opperman erken 'n sekere skatpligtigheid in die verband. So plaas hy byvoorbeeld bo-aan sy groot stadsgedig „Ballade van die Grysland" as teks enkele reëls uit *Trekkerswee,* en dié ballade sou dan ook op meer as een plek duidelike aansluiting vind by *Trekkerswee,* soos byvoorbeeld blyk uit die volgende reëls wat die plaasseun se indrukke weergee wanneer hy die stad ingeslinger word:

Teen dakke en skoorstene blink
die son, soos in 'n leeggeloopte dam
op bottelskerwe en geroeste sink.

Verderop word in dieselfde gedig as collage 'n skerpgesiene beeld van Totius in die vers opgeneem om die verwording van die seun in die stad uit te druk:

Die dag breek grou: ,op tafelblad'
links in my smalle kamer
‚staan leë bottels in hul nat'.

Dis maar enkele voorbeelde van vonke wat uit Totius se vuur oorgespat het. Ook in die werk van C.M. van den Heever, Elisabeth Eybers en Van Wyk Louw sal mens nie vergeefs na Totius-invloede soek nie.

Totius is dus nie uitgepraat nie. Vandag is daar hier en daar 'n jong digter wat hom bewus en afwysend teenoor Totius en sy werk stel. Dit is egter van min belang. Wat belangrik is, is die feit dat Totius as digter nie afskryfbaar of ignoreerbaar is nie.

2. Maar ek moet kom by 'n tweede oorweging, 'n oorweging wat te make het met die vraag: Hoe aktueel is Totius se poësie in ons huidige bestel? Daar word, om maar een saak te noem, vandag soms gevra of die Blanke, meer bepaald dan die Afrikaner as Westerling, 'n plek het in hierdie land. Is hy nie maar 'n koloniale res nie?

Die historikus het ongetwyfeld sy eie manier om so 'n vraag te beantwoord, maar as letterkundige wil ek sê dat hierdie land nêrens so finaal en onherroepelik tot ons besit gemaak is as in ons taal en ons literatuur nie. Ons taal is Germaans, dis waar, maar juis in die proses van verowering en makmaak van hierdie land het Afrikaans Afrikaans geword. Ons geskiedenis met sy lyding en geloof, ons land met sy uiterstes, sy plae van sprinkaan en droogte, sy grootsheid en geweld het stem gekry in ons literatuur, vanaf Marais se „Winternag" tot by „Die stem", tot by Van Wyk

Louw se „Vier gebede by jaargetye in die Boland"; vanaf Celliers se *Martjie* tot by Opperman se *Joernaal van Jorik*, tot by Pretorius se *Grou mure*, tot by Blum se „Woordafleiding". En in dié veroweringsproses het Totius sy eie bydrae gelewer. Ek hoef nouliks te verwys na sy doring- en wilgerbome, sy besem- en wag-'n-bietjiebos, sy velde oordek met gras, sy voëls — sy duif en tarentaal, sy pragtige skemeringsgedigte. Dis hierdie land wat praat in sy poësie. Selfs die weerlig praat in sy werk die taal van Afrika as hy skryf:

> Plots sien ek in die onweerswerk
> 'n assegaai
> wat met sy blink punt swaai.

Prof. Cloete maak êrens die opmerking dat 'n mens Totius se wandeling deur Potchefstroom kan volg in meer as een gedig. Dis waar. Maar dit gaan dan natuurlik nie bloot om die opsom van natuurdinge nie. En so het prof. Cloete dit ook nie bedoel nie. Natuurverskynsels wat hy waarneem, word beeldend verower, word taal-eiendom en opgeneem in 'n groter lewensbeskoulike verband.

3. En daarmee kom ons by die derde oorweging wat ek wil noem in die evaluering van Totius se digterlike nalatenskap, naamlik Totius se siening van die rol van die Blanke-Afrikaner in Afrika-verband. Dit sluit aan by wat onder punt 2 gestel is en is 'n saak wat vandag miskien nog meer aktueel is as tydens die digter se lewe. Ek meen dat ek gelyk het as ek sê dat geen Afrikaanse digter, met die uitsondering van D.J. Opperman, die Afrikaner en sy roeping so uitgesproke en so volhardend soos Totius in Afrika-verband gesien het nie. Dit kom al sterk na vore in *Verse van Potgieterstrek* (1909). Maar ook later hou Totius hom besig met die Witman in Afrika, soos ons merk in die bundel *Uit donker Afrika*, in die *Kantate* wat die digter in 1938 geskryf het met die oog op die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument, en in sy laaste bundel *Skemering* (1948). Kortom, dit is 'n deurlopende tema in sy werk, hierdie besin-

ning wat diep in die geskiedenis gewortel is. So ontmoet ons in sy werk die vroeë ontdekkers wat om ons kuste gevaar het; daarteenoor die Trekker wat die taak op hom geneem het om binneland in te trek. Teenoor die fortuinsoeker en die toevallige reisiger staan die landoopmaker wat geroep is om die nag uit 'n donker kontinent te verdryf. 'n Romantiese opdrag is dit nie, dis 'n lotsware taak wat arbeid en lyding en selfverloëning verg. Afrika word as verwikkelde mosaïek gesien, 'n land wat deur die imperialisme en materialisme siek gemaak is. Profeties sien die digter dat daar pogings sal wees om die Witman, wat self hier gewerk het, „uit sy stand (te) verdring" en hom „dood te maak". En tog is hier nie sprake van 'n doodlooppad nie. Die landoopmaker as persoon mag wel ten gronde gaan, maar die sinvolle kan bly: die waardes wat hy verteenwoordig, die „eie styl en stempel" – wat per slot van rekening die essensie van ware pionierskap is.

Totius se Afrika-gedigte verteenwoordig seker nie die beste wat hy geskryf het nie, maar hierdie gedigte was juis in hulle Afrika-gerigtheid vrugbaar in hulle nawerking. En in die tydsgewrig waarin ons leef, verdien hulle opnuut ons noulettende aandag.

4. Daar is nou telkens verwys na die invloed wat van Totius se werk uitgegaan het. Dit is 'n belangrike oorweging, maar dit is nie deurslaggewend in die vasstelling van 'n digter se betekenis nie. Deurslaggewend is die intrinsieke waarde van sy werk, die antwoord op die vraag hoe onvervangbaar 'n bepaalde oeuvre in 'n literatuur is. En dan moet dit dadelik gesê word dat Totius 'n plek in die Afrikaanse digkuns beklee wat deur niemand anders gevul kan word nie. Sy poësie dra 'n eie stempel. Hieroor sou mens lank kon uitwei, maar neem slegs een saak: die spanning tussen die sienlike en die onsienlike, die verskynsel en die verskyning, die werklikheid en die waarheid, die visuele en die visionêre – of hoe mens dit ook al wil noem. Hierdie spanning het Totius sy hele lewe lank besig gehou en het in sy beste gedigte 'n tipiese Totiaanse gestalte aangeneem. Ook ander digters, vanaf Marais

tot by Opperman, het die natuur illustratief gebruik, maar nêrens sou die soeke na en die ontdekking van 'n blywende waarheid presies soos by Totius neerslag vind nie. By nie een van dié digters sou die eenvoudige en die diepsinnige, die kinderlike en die profetiese so na aan mekaar te staan kom nie. Ek haal 'n voorbeeld aan uit *Wilgerboombogies:*

'n Sprokie

Ek ken 'n mooi klein sprokie,
wat so na waarheid klink —
dis dat die tortel altyd
sy water troewel drink.

Kom hy by helder plassies,
dan sal hy drinkend neig
as eers, na sagte roering,
die modderwolkies styg.

Dáárom sing hy so droewig
van donker voël-leed;
dáárom tooi hy hom stemmig
met dowwe verekleed.

So is daar somber siele
waar hy my aan laat dink,
wat, soos die tortel, troewel
die lewenswater drink.

Vir alle lewensliefheid,
vir vreugdesang bevrees,
drink hulle geen genoeëns
of dié moet troewel wees.

Hierdie gedig is onnavolgbaar en dus onvervangbaar, en dit is werk soos dié wat aan Totius 'n blywende plek in die Afrikaanse poësie verseker.

A.P. Grové
Universiteit van Pretoria